

Skriflesing: **Joh 12:1-19**

Tema: **Waar pas jy in?**

Dit is minder as 'n week voor die kruisiging van Jesus. Hy ry op 'n donkie in Jerusalem in. Ook hierdeur bevestig hy dat Hy die Seun van God is. Hy weet vooruit wat gaan gebeur en Hy is by uitnemendheid 'n dienaar.

Hy weet vooruit wat gaan gebeur. Ons lees onder andere in Matteus 21 dat Hy 2 dissipels vooruit stuur na 'n dorpie om 'n jong donkie te kry. Alles is soos Hy gesê het. Hulle het die donkie losgemaak en na Hom toe gebring.

Hy is by uitnemendheid 'n dienaar. 'n Donkie is 'n nederige rydier. Dit is duidelik dat Hy nie oorlog nie, maar vrede bring.

Maar daar is nog meer agter die donkie. Ons lees in Joh 12:15 dat dit wat hier gebeur, lank terug al voorspel is. Dit is die waar word van die Ou Testamentiese profesie uit Sagaria 9:9.

Soos vandag reeds, vind ons verskillende mense rondom Jesus. Ek het die mense in 4 groepe probeer indeel. Ek wil jou uitnoui om uit hul hoek na die gebeure te kyk en opnuut te besluit oor waar jy inpas?

1. Die eerste groep is skynheilige moordenaars.

Ek is al vir jare 'n Joodse kerkleier, 'n Priesterhoof of 'n Fariseer. Nog iemand wil vir my 'n palmtak gee en ek snou hom toe: Ek soek nie die gemors nie. Moenie vir my vra om saam "Prys Hom!" te skree nie . . .

Al die jare se studie van die wet en die profete, maar niemand loop so agter my aan soos die skare agter hierdie man aanloop nie. Die skare sien my nie eens raak nie.

Ek wat die wet ken, ek wat die profete bestudeer het, niemand begroet my met palmtakke en met "Prys Hom!" nie. Dit na al die jare se swoeg en sweet om God se wil te ken. Dit is net te erg, verregaande! Ek is intense jaloers op Hom.

Maar daar is nog meer as dit. Hy sê Hy is die Seun van God. Dit is godslasterlik. Hy oortree die wet wat ek op die punte van my vingers ken.

God is immers 'n God van reëls en regulasies, van wet en orde. Hy steur Hom nie aan die honderde mensgemaakte reëls wat ons gemaak het nie. En nie net steur Hy Hom nie aan die reëls en regulasies nie, Hy oortree dit en bevraagteken dit. Ek gee toe dat sommige van ons reëls en regulasies selfs vir my liefdeloos lyk, maar dit is nou maar soos dit is.

Elke keer wat ons Hom probeer vasvra of verkleineer het, is ons met die stert tussen die bene daar weg. Ons kon niks teen Hom uitrig nie. Hy kan mos nie die Seun van God wees nie, of kan Hy?

Daar het nou so 'n groot getal mense om Jesus saamdrom dat ons Hom uit die weg sal moet ruim. Anders beland ons netnou nog in die moeilikheid ook want die Romeine kan miskien dink dat ons 'n opstand organiseer.

O ja, amper vergeet ek, die klomp glo dat Lasarus uit die dood opgewek is. Maar dit is niks anders as oëverblindery nie. Ons glo nie eens in opstanding uit dood nie.

Die opwekking van Lasarus het ook gemaak dat die hele wêreld agter Hom aanloop. Hierdie Lasarus kan vir ons netelige sokie word. Ons sal hom ook uit die weg moet ruim. Jesus,

Lasarus, alles wat hier gebeur, pas net nie by ons verstaan in nie. Daarom is dit die maklikste dat ons hulle doodmaak.

Judas Iskariot is ook 'n skynheilige moordenaar.

Kan jy glo wat Maria aangevang het? Sy het 'n halfliter egte, baie duur Nardusolie op Jesus se voete uitgegooi. Nee wat man, waarom doen sy dit? Ek het dadelik beswaar aangeteken en gesê dat hierdie geld darem beter aangewend kon word. Ons kon die armes help. Maar eintlik wou ek bietjie hiervan in my eie sak druk. 'n Man het mos altyd 'n paar randjies nodig.

So van Jesus gepraat, ek wens Hy wil darem nou uit sy blokke uitkom. Wanneer begin Hy met 'n politieke opstand teen die Romeine wat ons so onderdruk? Ek oorweeg dit om Hom so bietjie te help om te begin met die opstand. Dan kan ek lekker saam met Hom heers hier op aarde. En ek kan nog bietjie meer geld "verdien", julle weet mos wat ek bedoel.

2. Die tweede groep is die beïnvloedbare toeskouers.

Mense het begin saamdrom vir Paasfees in Jerusalem. Die stad is tot barstens toe vol van mense wat uittog uit Egipte feestelik kom herdenk. Dit is palmtakke net waar jy kyk. Die atmosfeer is feestelik.

Iemand kom met donkie in die stad in en die mense roep aanhoudend: "Prys Hom! Loof Hom wat in die naam van die Here kom! Die Koning van Israel"

Iemand onder die skare stop 'n palmtak in my hand, 'n ander een praat hard om tussen die geraas van die skare deur hoorbaar te word en vra of ek Hom ook met "Prys Hom" die Een wat kom, groet. Natuurlik doen ek dit. Almal doen dit dan.

Skielik is ek in 'n worstelstryd met myself oor die vraag van dié persoon. Loop ek nie ook maar soos baie ander agter Jesus aan uit blote nuuskierigheid nie? Nuuskierigheid oor wat hierdie Jesus verder gaan doen!

Ek het gesien Lasarus is dood. Ek was by sy graf. Hy het al geruik, want hy was al vier dae dood. Ek het gesien hoe Jesus hom roep en hoe hy met grafdoeke en al uitkom. Gaan Hy nog wonderwerke doen?

Gaan Hy die geestelike leiers verder die harnas injaag deur dit wat hulle glo omver te werp? Die Lasarus se verhaal wys immers dat, anders as wat hulle glo, daar wel 'n opstanding uit die dood is.

Ek loop tussen die skare mense, swaai my palmtak en roep: "Prys Hom, Jesus gaan ons bevry!" Is Jesus God se politieke bevryder na jare se onderdrukking? Ek smag na bevryding van Romeinse oorheersing. "Prys Hom!" . . . swaai die takke. Maar of ek wil deel wees van hierdie bevrydingsbeweging, is vir my persoonlik nog 'n ope vraag!

Vyf of ses dae later staan ek saam met dieselfde skare by die paleis van Pilatus. Kerkleiers het ons ore en harte vuurwarm gepreek. Ek is besig om van mening te verander. Hierdie man kan tog nie die Seun van God wees nie. Hy ry op 'n donkie. Hy ly. Hy bly stil as mense Hom vals beskuldig. As hy werklik die Seun van God was, sou Hy hulle mos van die aardbol af weggee het! En hy maak geen aanstalties om ons van die Romeine te bevry nie.

Dieselfde mense wat Hom met palmtakke verwelkom het en Hom luidkeels geloof het skreeu nou: "Kruisig Hom!"

Natuurlik skree ek saam. Almal doen dit dan.

3. Die derde groep mense is die dissipels wat wonder.

Ons is die twaalf wat Hy uitverkies het om sy dissipels te wees. Ek moet erken dat ons verward was. Ons was die meeste van die tyd verward. Hy het ons gekies. Vir 3 jaar loop en leef ons saam met Hom. Hy het ons geleer. Hy het voorspel dat hierdie goed gaan gebeur. Maar ons verstaan nie. Ons het alles net so gelos om Hom te volg. En nou gaan Hy sterf. Maak dit vir jou sin uit?

4. Vierdens vind ons een getroue volgeling.

Maria, suster van Lasarus, het 'n halfliter egte baie duur nardusolie op Jesus se voete uitgegooi. Ja ek weet dit is duur. Driehonderd silwermuntstukke is 'n gewone arbeider se loon vir 'n jaar se harde werk. Maar ek moes dit net doen. Ek het Hom volkome aanvaar as die Seun van God, my Verlosser. Hy het my broer na vier dae uit die dood laat opstaan. Uit dankbaarheid kan ek nie anders as om vir Hom my alles te gee nie. En ek salf nie sy kop soos vir 'n koning nie. Ek salf sy voete, vir sy begrafnis.

Afsluiting

Ek beleef al hierdie reaksies. Ek sien en ek wonder: "Hierdie Jesus is so anders?"

Hy ry die stad binne op 'n donkie.

Is Hy dalk die Verlosser, die Messias wat van God kom?

Hoe moet ek oor Hom dink?

By wie pas ek in?

Watter keuse maak ek?

Watter keuse maak jy?

Amen